# OOREENKOMS AANGAANDE SKOOLFOOIE

AANGEGAAN DEUR EN TUSSEN

A Ouers getroud Binne Gemeenskap van Goedere

Vader : ____________________

Id Nommer : ____________________

en

Moeder : ____________________

Id Nommer : ____________________

B Ouers getroud Buite Gemeenskap van Goedere
(gesamentlik en afsonderlik aanspreeklik)

Vader : ____________________

Id Nommer : ____________________

en

Moeder : ____________________

Id Nommer : ____________________

C Enkel Ouers / Voog

Naam : ____________________

Id Nommer : ____________________

Posadres ____________________

____________________

____________________

Kind / ers : ____________________ Gr : __________

____________________ __________

____________________ __________

____________________ __________

EN



***ALLE INLIGTING WORD VOLGENS DIE POPI-BELEID EN WETGEWING HANTEER EN GEBRUIK***

Die Voorsitter van die Opvoedingsraad van CVO MarmerSkool
hy / sy synde behoorlik daartoe gemagtig :

Posadres : Posbus 350
Marble Hall
0450

(hierin later die "SKOOL" genoem)

SKOOLFOOIE :

1.1 Skoolfondse :

1.1.1 Die skoolfondse beloop die maandelikse bedrag van R______________ per maand vir bogenoemde kinders.

1.1.2 Die ouers onderneem om skoolfondse aan die skool te betaal op 'n maandelikse basis voor of op die vyfde (5de) dag van elke maand beginnende Januarie 2022 tot en met Desember 2022. Sou u nie 'n rekening ontvang nie, bly dit nogsteeds u verantwoordelikheid om die skoolfonds te betaal.

1.2 Addisionele kostes :

1.2.1 Addisionele heffings per leerling nl. BCVO heffings @ R160.00 per maand, registrasie (nuwe leerling vanaf Gr. 0 tot Gr. 7) @ R500 en skoonmaakprodukte @ R720.00 word by die maandelikse skoolfonds ingedeel.

1.2.2 Alle addisionele kostes soos byvoorbeeld kleredrag, inskrywingsfooi vir sport en kultuur en ander kostes sal betaalbaar wees deur die ouer voor of op die 5de dag van die maand wat volg op die maand wat die ouer se rekeningstaat die uitgawe aandui.

1.3 Betalings :

Die ouers sal die skoolfooie betaal by die skool in skoolure, alternatiewelik by wyse van 'n deposito in die volgende bankrekening :

Eerste Nasionale Bank (Marble Hall)
Takkode : 260447
Rekeningnommer : 62014095394
Verwysing : U rekening nr. of oudste kind se naam en van.

INVORDERINGSFOOI :



***ALLE INLIGTING WORD VOLGENS DIE POPI-BELEID EN WETGEWING HANTEER EN GEBRUIK***

Indien betalings gemaak moet word aan die skool of die se genomineerdes, onderneem die ouer om 'n invorderingsfooi bereken teen 10% (TIEN PERSENT) gehef op alle betalings onder hierdie ooreenkoms aan die skool of die se genomineerde te betaal, synde 'n invorderingsfooi wat die ouerregtens verplig is om aan die skool of die se genomineerde te betaal.

EKSEPSIES :

Die ouer doen hiermee afstand van alle voordele wat voortspruit uit die wetlike eksepsies, *non numerataepecuniae, non causedebiti*, geenwaardegeniet met die krag en betekenis waarvan die ouer verklaar dat die ouer ten volle bekend is.

DOMICILIUM :

Enige kennisgewing wat deur die skool gegee moet of mag word ingevolge hierdie ooreenkoms, kan gerig word aan die ouer te die posadres hierbo verskaf, welke posadres ook deur die ouer aangewys word as *domicilium citandi et executandi* vir alle prosesstukke wat gedoen word in enige geding voortspruitende uit hierdie ooreenkoms.

JURISDIKSIE :

Die ouer stem kragtens Artikel 45 van Wet 32 van 1944 (soos gewysig) toe dat die skool enige regsgeding wat betrekking het op hierdie ooreenkoms na eie keuse kan instel in die Landdroshof van enige distrik wat kragtens die genoemde Wet ten opsigte van die ouer jurisdiksie het.

NIE-NAKOMING VOORWAARDES :

Ingeval die ouer in gebreke bly of versuim om enige som of somme verskuldig en betaalbaar onder hierdie ooreenkoms stiptelik te betaal op die respektiewe betaaldae, of om enige van die ander voorwaardes en stipulasies van hierdie ooreenkoms na te kom of ingeval die ouer 'n daad van insolvensie pleeg of kennis gee van 'n aansoek om vrywillige boedeloorgawe of die oordrag van die ouer se boedel vir die voordeel van hul skuldeisers, of ingeval van 'n vonnis van enge Hof teen die ouer, sal die hoofsom verskuldig met rente en alle ander bedrae hieronder verskuldig, onmiddellik opeisbaar en betaalbaar wees sonder enige kennisgewing (nieteenstaande enige voorwaarde hierin vervat wat met dit in stryd is).

ALGEMEEN :

8.1 Die ouer stem toe omregskoste op 'n prokureur- en eiekliëntskaal te betaal indien enige geregtelikestappe ingevolge hierdie ooreenkoms deur die skool gedoen word;

8.2 Alle betalings hieronder gemaak geld eers ter delging van koste en dan van rente en daarna van kapitaal; en



***ALLE INLIGTING WORD VOLGENS DIE POPI-BELEID EN WETGEWING HANTEER EN GEBRUIK***

8.3 Die skool mag sy belange hieronder sedeer, verbind, daarmee handel dryf en dit op enige wyse vervreem sonder toestemming van die ouer.

INLIGTING AANGAANDE KUIERMAAT:

Kuiermaats se bywoning is slegs 12 dae of minder per maand. Sou u kind(ers) meer dae kom per maand sal u skoolfonds verskuif na die permanente glyskaal.

Enige kind wat as 'n kuiermaat ingeskryf word kan deur die loop van die jaar verander na 'n permanente leerling, maar 'n kind wat as 'n permanente leerling ingeskryf word kan nie skuif na 'n kuiermaat nie.

GETEKEN te MARBLE HALL op hede die ___________ dag van ___________________________ 20______.

_______________________________________ _______________________

VADER VOLLE NAME EN VAN Handtekening

_______________________________________ _______________________

MOEDER VOLLE NAME EN VAN Handtekening

GETEKEN te MARBLE HALL op hede die ____________ dag van ___________________________ 20_____.

___________________________ _______________________

VOORSITTER OPVOEDINGSRAAD Handtekening

*pp CVO Marmer Skool*

_______________________________________ _______________________

AS GETUIE Handtekening



***ALLE INLIGTING WORD VOLGENS DIE POPI-BELEID EN WETGEWING HANTEER EN GEBRUIK***